

22 Julie

Skrifgedeelte: Genesis 24:34-49
Fokusgedeelte: Genesis 24:45, 48

Doen alles biddend

In hierdie gedeelte vertel Eliëser aan Rebekka en haar familie waarom hy daar is. In sy vertelling getuig hy van die hand van God in wat gebeur het en hoe God hom gelei het. Ons is dikwels geneig om stil te bly oor wat God in ons lewens doen, omdat ons bang is vir dweep. Dweep is egter om onder die dekmantel van getuienis eintlik te vertel hoe wonderlik jy self is. Om stil te bly oor wat die Here in ons lewens doen, is egter net so verkeerd. Deur nie voor die mense aan God die eer te gee vir dit wat Hy doen nie, laat die illusie by die wêreld dat ons eintlik in eie krag optree. Dit dra dus dieselfde boodskap oor as dweep!

Eliëser getuig dat hy voor 'n groot en moeilike uitdaging gestaan het en dat hy slegs in sy onderneming kon slaag in vertroue op God. Daarom het hy dit biddend gedoen. In sy genade het die Here sy gebed beantwoord nog voordat hy klaar gebid het. Daarom het sy smeekgebed in 'n dankgebed verander en het hy eers in aanbidding die Here gedank voordat hy verder gegaan het.

Pak jy ook jou uitdagings biddend aan? Onthou jy om die Here te dank wanneer Hy jou gebede verhoor en gee jy aan Hom voor die mense die eer wat Hom toekom?

Sing: Psalm 66:7, 9 (Totius)

Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)